Vol xx/xxx 01/01/2023

SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – JANUARIE 2023

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Nuwejaarswens** van die Nasionale Voorsitter

Gewaardeerde lede van die Suid Afrikaanse Infanterievereniging,

Met 'n jaar van tragedie en verlies agter die rug was daar ook rede tot groot dankbaarheid vir dit wat ons nooit moet vergeet nie.

Dit is ongelukkig so dat ons geneig is om vas te hou aan die negatiewe en dan die seëninge te vergeet.

Die jaar 2022 beteken vir my persoonlik 'n jaar van my lewe wat verby is maar die dankbaarheid vir wonderlike dinge wat die Vereniging vermag het, kan nooit uitgevee word nie.

For the year that lies ahead I wish every member to keep the faith, remain steadfast and do not hesitate to do the right thing in terms of our Constitution by caring for those of our comrades who cannot make ends meet anymore.

The Association has grown in capability and execution of mission like never before. The Gala Evening and the awards speak for itself and should the tempo of the effort remains as high as it is at this very moment, the NEC is going to have a very hard time in the new year to remain levelheaded at the end of 2023.

Aan elke lid met gesin en familie, Gods rykste Seën vir die nuwe jaar. Mag goeie gesondheid en sukses jul deel wees, ongeag die omstandighede, en moet nooit vergeet dat die Broederskap van Infanteriesoldate voor jou, langs jou en agter jou staan nie!!

Battle talk ensures success! Praat met mekaar, goed of sleg.

Wickus van der Linde, Nasionale Voorsitter

- **Verjaarsdagwense** aan ongeveer 30 veterane asook die gades wat hierdie maand verjaar. Jul verjaarsdagsteen is die Granaatsteen, rooi kleur en simboliseer opregtheid en waarheid. Lees ook Hooglied 7 vs 12. En die verjaarsdagblom is die Angelier.

- **Spoedige Beterskapwense aan**
  - Chris Smit: NUR; operasie, mooi herstel, spoedig weer op sy pos.
  - Joggie Boers: NUR; prostaatoperasie, sterk tuis aan.
  - John Swart: Wesrand; herstel nog na groot voetoperasie.
  - Herman de Beer: Melksbosstrand, ernstige rugoperasie, gaan hierna na 'n rehabilitasiekliniek.

- **Medelye met**
  - Genl-maj Dan Lamprecht en sy gesin. Sy eggenote, Lynette, is die 11e Desember 2022 oorlede.
  - Joey Stone van Hartenbos en haar gesin, haar eggenoot Johan Stone, Oud RSM, is die 1e Januarie 2023 in 1 Mil Hospitaal oorlede.

- **Koringkorrel** [Engels: Spiritual 'nuggets']: *God, die Vrygewige, hou sy hand op die draai van die rat, en sy oog op die verste draai in die pad.*

- **'n Mondvol** – "Happiness is not about getting all you want, it's about enjoying all you have." (Unknown)

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za

- **Naskrif** – Nuusbrokkies ontvang van Veterane oor hul wel-en-weë